

JM KOÖPERATIEWE DIENSTE

Posbus 245
GARIEP DAM
9922
7 April 2021

BESTUUR

Belastingbetalers Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit

Vir aandag: Johan Grabe

e-pos: johan@novtel.co.za

VERSLAG: PROMULGASIE VAN EIENDOMSBELASTING TARIWE VAN KAMIESBERG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT GELEË IN NOORD-KAAP PROVINSIE

Hiermee, die verslag van eiendomsbelastingtariewe wat nie deur Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit gepromulgeer is nie. Ons het die Provinsiale Koerante Provinsie Noord-Kaap vanaf die finansiële jaar **2012/2013 tot 2020/21** nagegaan en gevind dat die Munisipaliteit moontlik, nie elke jaar, voldoen het, aan die voorgeskrewe wetgewing nie

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, Wet 6 van 2004, bepaal in Artikel 12 (1) dat 'n plaaslike munisipaliteit Eiendomsbelasting tariewe mag goedkeur vir 'n finansiële jaar (1 Julie tot 30 Junie). Die tarief verval teen die einde van daardie finansiële jaar, 'n tarief moet dus weer vir die volgende finansiële jaar goedgekeur word. Die goedkeuring van die Eiendoms belasting tarief **moet** deel wees van die munisipaliteit se jaarlikse begrotingsproses soos uiteengesit, in hoofstuk 4 van die Plaaslike Regerings Munisipale Finansiële Bestuurs Wet van 2003 (Wet no. 56 van 2003). Die Eiendomsbelastingtarief is betaalbaar in die begin van die finansiële jaar dus 1 Julie soos in die Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 13(1) uiteengesit word.

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, (Wet 6 van 2004) bepaal in Artikel 14(1) "Dat 'n munisipaliteit 'n Eiendomsbelasting kan goedkeur deur 'n raadsbesluit waar die meerderheid van die Raad dit goedkeur." Verder bepaal die Wet in Art. 14(2) dat die besluit van die munisipale Raad **moet** die besluit promulgeer in die Provinsiale Koerant.

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004 (Wet 6 van 2004) is gewysig deur Staatskoerant No. 37922 van 18 Augustus 2014 en met die Wysigingswet van 2014 het die President bepaal dat dit op 1 Julie 2015 in werking tree. Die wysiging van Artikel 14 van die Wet op Eiendomsbelasting het meer verpligtinge aangaande die promulgasie van

Eiendomsbelastingtariewe voorgeskryf, ons haal die belangrikste vir u aan. Die wysiging tree **1 Julie 2015** in werking. Wet 6 van 2004 soos gewysig, Artikel 14(2):

“2(a) ‘n Besluit om Eiendomsbelastingtariewe deur die Munisipaliteit **moet** jaarliks gepromulgeer word, binne **60 dae** van die dag van die Raadsbesluit, deur die Raadsbesluit in die Provinsiale Koerant te publiseer.

2(b) Die Besluit **moet-**

- (i) Die datum insluit, wanneer die besluit geneem is om tariewe was te stel en goedgekeur is.
- (ii) Differensieër tussen kategorieë eiendomme; en
- (iii) Reflekteer die sent bedrag in die rand vir elke kategorie eiendomme.”

Ons wil egter meld dat ons Artikel 14(2 (a) en (b) vrylik vertaal het in Afrikaans, aangesien die Wetgewing in Engels goedgekeur was.

Die implikasie dat die Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit in sekere finansiële jare nie die Wetgewing op Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting van 2004, (Wet 6 van 2004), soos gewysig met Wysigingswet 2014, nagekom het nie, die Eiendomsbelastingtariewe wat gevorder is deur die Munisipaliteit moontlik in ‘n Hof uitgedaag kan word.

Verslag: Eiendomsbelasting tariewe Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit

Finansiële jare:

2012/2013 Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 1623 dateer 1 Augustus 2012, Bl. 3 gepubliseer. Die munisipaliteit het voldoen aan Artikel 14(2) van die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, (Wet 6 van 2004) en kon Eiendomsbelasting wettig invorder.

2013/2014 Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 1747 dateer 4 November 2013, Bl. 4 gepubliseer. Volgens die advertensie het die Raad op ‘n algemene Raadsvergadering gehou op 28 Augustus 2013 die belastingtariewe vir Kategorie Eiendomme goedgekeur. Ingevolge die Wet op Eiendomsbelasting Nr. 6 van 2004, Artikel 13 (1)(b) het die Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit nie die eiendomsbelastingtarief voor 1 Julie 2013, met begin van die finansiële jaar, goedgekeur nie, soos vereis word deur die wetgewing nie. Ingevolge Artikel 13 (1)(b) van die Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, kan slegs die Lid van die Uitvoerende

Komitee van die Provinsiale Regering in die Noord-Kaap die Munisipaliteit se begroting en tariewe vir eiendomsbelasting goedkeur, indien die Raad van Kamieskroon dit nie voor 1 Julie 2013 goedgekeur het nie. Geen afkondiging kan verkry word waar die Lid van die Uitvoerende Komitee, die tariewe vir eiendomsbelasting goedgekeur het vir die 2013/2014 finansiële jaar.

Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die Wet op Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004 nie en het dus onwettig die Eiendomsbelasting vir 2013/2014 finansiële jaar ingevorder.

- 2014/2015** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 1820 dateer 14 Julie 2014, Bl. 3 gepubliseer. Die Munisipale Raad het die Eiendomsbelastingtarief op 29 Mei 2014 goedgekeur. Die munisipaliteit het voldoen aan Artikel 14(2) van die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, (Wet 6 van 2004) en kon Eiendomsbelasting wettig invorder.
- 2015/2016** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 1946 dateer 10 Augustus 2015, Bl. 7 gepubliseer. Die Raadsbesluit was op 27 Mei 2015 geneem. Die Munisipaliteit het die advertensie nie binne 60 dae gepromulgeer soos deur die gewysigde Artikel 14 (2) (a) voorgeskryf word nie en die Munisipaliteit het ook nie voldoen aan die Wet op Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 14(2)(b)(iii) om die tarief gehef te reflekteer, as sent in die Rand, soos vereis word nie. Die Eiendomsbelasting ten opsigte van hierdie betrokke jaar, is dus nie wettig ingevorder nie.
- 2016/2017** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 2040 dateer 5 September 2016, Bl. 25 gepubliseer. Die Raadsbesluit was op 11 Mei 2016 geneem. Die Munisipaliteit het die advertensie nie binne 60 dae gepromulgeer soos deur die gewysigde Artikel 14 (2) (a) voorgeskryf word nie en die Munisipaliteit het ook nie voldoen aan die Wet op Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 14(2)(b)(iii) om die tarief gehef te reflekteer, as sent in die Rand, soos vereis word nie. Die Eiendomsbelasting ten opsigte van hierdie betrokke jaar, is nie wettig ingevorder nie.
- 2017/2018** Daar is geen promulgasie van eiendomsbelastingtariewe vir Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit in die Noord-Kaap Provinsiale Koerant gepubliseer vir die 2017/2018 finansiële jaar nie. Ingevolge Artikel 14(2)(a) van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet no 6 van 2004 soos gewysig in 2015, moet die munisipaliteit die Raadsbesluit wat die Eiendomsbelastingtarief goedkeur en

in die Provinsiale Koerant promulgeer. Die Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het die tariewe nie binne 60 dae vanaf die datum van die Raadsbesluit gepromulgeer nie. Die Eiendomsbelasting was dus onwettige gevorder binne die munisipale gebied.

- 2018/2019** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 2206 dateer 10 Augustus 2018, Bl. 4 gepubliseer. Die Raadsbesluit was op 30 Mei 2018 geneem. Die Munisipaliteit het die advertensie nie binne 60 dae gepromulgeer soos deur die gewysigde Artikel 14 (2) (a) voorgeskryf word nie. Die Eiendomsbelasting ten opsigte van hierdie betrokke jaar, is nie wettig ingevorder, binne die munisipale gebied.
- 2019/2020** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 2285 dateer 1 Augustus 2019, Bl. 5 gepubliseer. Die Raadsbesluit was op 30 Mei 2019 geneem. Die Munisipaliteit het die advertensie nie binne 60 dae geproklameer soos deur die gewysigde Artikel 14 (2) (a) voorgeskryf word nie en die Munisipaliteit het ook nie voldoen aan die Wet op Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 14(2)(b)(iii) om die tarief gehef te reflekteer, as sent in die Rand, soos vereis word nie. Die Eiendomsbelasting ten opsigte van hierdie betrokke jaar, is nie wettig ingevorder nie.
- 2020/2021** Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Noord-Kaap Nr. 2361 dateer 24 Augustus 2020, Bl. 27 gepubliseer. Raadsbesluit was op 25 Junie 2020 geneem, promulgasie is dus binne 60 dae na raadsbesluit, maar die Munisipaliteit het nie voldoen aan die Wet op Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 14(2)(b)(iii) om die tarief gehef te reflekteer, as sent in die Rand, soos vereis word nie. Die munisipaliteit het nie voldoen aan Artikel 14(2) van die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, (Wet 6 van 2004) soos gewysig en het die Eiendomsbelasting onwettig ingevorder.

Graag wil ons dan opsom dat volgens bogenoemde uiteensetting van eiendomsbelasting promulgasies Kamiesberg Plaaslike Munisipaliteit onwettig opgetree het, met die heffing van eiendomsbelastingtariewe vir die volgende finansiële jare en kan dus oorweeg word, om n dispuut te verklaar teen die Munisipaliteit.

**Finansiële jare: 2013/2014; 2015/2016; 2016/2017, 2017/2018; 2018/2019; 2019/2020;
2020/2021 = 7 Jare**

Opgestel deur:

Johan en Marianne Visser, Gariep Dam

JM Koöperatiewe Dienste

7 April 2021